Christus sê “ja” op God se beloftes en ons sê “amen.”

Ds. PJ Kriel Doop Ianthe Scott 19.11.2023

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus vir ons “ja” sê op God se beloftes en deur sy “ja” word God se beloftes God seëninge in ons lewe. Ons sê nooit self “ja” op God se beloftes nie, maar net “amen.” Ons glo Christus maak dit waar en deel van ons lewe. So doop ons ook ons kinders as kinders vir wie Jesus op God se beloftes “ja” gesê het en dit waar en geldig in hulle lewe gemaak het. In die bygeloof van die moderne Christelikheid moet ons nie meer “amen” op God se beloftes sê nie maar “ja” sê. Met ons bekerings moet ons God se beloftes waar en geldig in ons lewe maak en so word ons kinders uit God see verbond en doop uitgesluit.

Skriflesing 2 Korintiërs 1: 16 – 24. 5: 14 – 18, 20,21.

Teks 1 Kor. 1: 20 “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in hom is hulle : ja”; daarom sê ons deur hom ‘amen” aan God, tot sy eer.

Tema Christus sê “ja” op God se beloftes en ons sê “amen.”

1. Wie sê vir God “ ja” op sy beloftes wanneer ons ons kinders doop?

Ouers sê “ja” op die vrae wat ons as kerk aan hulle vra met die doop van hul kinders. Hierdie vra wat ons vra en hulle op “ja” sê is vra oor hulle geloof en aanspreeklikheid om Christus aan hulle kinders te verkondig, maar hulle sê nooit “ ja” op God se beloftes aan hul kindjie nie.

Christus en nie ons nie sê vir ons, namens ons en in ons plek vir God se beloftes aan ons en ons kinders. 2 Kor. 1: 20 is ‘n samevatting van alles wie Christus vir ons en ons kinders is en hoe Hy ons en ons kinders nuut laat lewe: net Christus sê “ja” op God se beloftes sodat ons net tot eer van god kan leef.

Paulus het ‘n paar keer aan die gemeente Korinthe beloftes gemaak om hulle te kom besoek en toe nie by hulle uitgekom nie. Daarom is Paulus besorg dat hulle sal dink dat die beloftes van God wat Hy aan hulle bekend gemaak het, net soos Paulus se beloftes om hulle te besoek werk: Eers is dit “ja” ek kom en dan is dit weer “nee” ek kom nie. Eers is dit “ ja-ja” ek kom beslis en dan is dit weer “ nee-nee” ek kom verseker nie. Paulus se beloftes klink asof dit “ja” en “ nee” tegelykertyd is. Daarom kan die indruk nou bestaan dat die God wat hy aan hulle verkondig het, se beloftes net soos syne werk: God se beloftes aan ons is “ja” en “nee” tegelykertyd.

2. Watter beloftes van God?”

Paulus stel “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle “ja”.(1 Kor.1:20) Paulus verwys hier na al die beloftes in die Koningsbelofte van 2 Sam. 7: 12 – 17. Die beloftes aan die seun van God en Seun van god om altyd oor die kerk te regeer. Dit verwys ook na al die Kindskapbeloftes van die Abrahamsbelofte in Eseg. 36: 24 – 28, Jer. 31: 31 – 34 oor hoe god sy kinders sal laat wees: gereinig van sonde en afgodery, hul verkeerde houding verwyder met ‘n nuwe gesindheid teenoor God met sy Gees wat maak dat hul as sy kinders kan leef.

Christus sê “ja” op God se beloftes en ons sê “amen.”

Wie moet so “ja” sê dat Christus die Here is en ons sy kinders is? Die ingrypende van die evangelie is dat dit net Christus is en nie ons en ons kinders nie.

In Christus en deur Christus het God se beloftes “ja” geword en bly dit vir ons “ja”. Christus kan nooit “ja” en “nee” vir ons op die beloftes van God sê sodat dit nie meer vir ons geldig is en binne ons lewe werk nie. Ons doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees bevestig dat Christus die beloftes geldig en werkend in ons lewe laat wees.
In 2 Kor. 5: 21 net 4 hoofstukke verder beskryf Paulus hoe Christus die “ja” op God se beloftes vir ons is. Christus wat nie sonde geken het nie, omdat hy dit nie gedink, gevoel. Gedoen of beleef het nie, het God ons sonde gemaak, sodat ons Christus se geregtigheid is.

Só sê Christus “ja” op alle beloftes: “Ek is jou sondes vir jou en het dit alles reggemaak sodat jy My geregtigheid vir God kan wees. Ek is jou straf, oordeel, vervloeking en verwerping sodat jy deel is van my beloning, seën en heerlikheid as mens in jou plek.

Paulus gebruik 3 woorde om te wys hoe is god se beloftes “ja” in ons lewe: gesalf, verseël en gewaarborg. Christus is die Grieks wat “ Gesalfde beteken. Jesus is die Gesalfde en ons is gesalf. Hy is die Christus en ons Christene. Gesalf beteken ingesluit om alles wie Christus as mens is met Hom te deel. Ons kinders is met Christus gesalf.

Verseël beteken om as eiendom gewaarmerk te wees: jy behoort aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ons doop ons kinders om hulle so te verseël as God se eiendom.

Gewaarborg beteken Christus gee aan ons kinders die Heilige Gees as waarborg om al God se beloftes waarop Christus ”ja’  sê hulle eie te laat wees in hulle lewe: hulle te reinig van sonde en afgodery, ‘n nuwe hart te gee en hulle in en deur God se liefde in gehoorsaamheid te lei.

3. Paulus wys dat dit Christus se “ja” op God se beloftes is wat ons vaste fondament is. (1:21) Ons vaste fondament is God se verbondsverhouding met ons. Ons het nie met God ‘n kontrak waarin ons en God “beide moet “ja” sê nie.

In God se verbondsverhouding met ons en ons kinders onderneem God Hy is en sal ons en ons kinders se God wees, en Christus  sê vir ons en ons kinders “ja” in ons plek namens ons om ons te salf en te waarborg. Dit is wat die doop aan ons en ons kinders verseël:  ons is ingesluit in en gesalf in Christus en Hy is die waarborg dat ons kinders, kinders van God is en sal wees.

Wie kan en mag nie vir ons kinders “ja” sê op God se beloftes nie?

Hulle ouers mag dit glad nie doen nie want dit is nie ‘n vaste fondament vir hulle kinders nie. Hierdie wanopvatting word in ons kerk gepreek – God maak ‘n verbond met die kinders en die ouers moet vir die kinders “ja” sê, wat beteken dat die ouers hulle christelike moet grootmaak.

Christus sê "ja" op God se beloftes en ons sê "amen."

Die vrae wat die kerk die ouers met die doop van hul kinders vra is nie dat hulle hul kinders in die verbond moet sit nie of God se verbondsbelofte vir die kinders moet waar maak nie. Dit is kerklike ondernemings en nie God se verbondsondernemings nie waarop ouers "ja" sê.

Nog minder kan of mag ons kinders met hulle bekerings en gehoorsaamheid aan God "ja" sê op God se verbondsondernemings aan hulle nie.

Mense se "ja" is altyd kontrakte. Dit is om hulle deel van 'n kontrak na te kom. God se verbond met ons en ons kinders is nie 'n kontrak nie. Dit is 'n verbond waarin God onderneem om ons sy kinders te laat wees, as sy onderneming.

Op die verbond mag ons nog minder "ja" sê want ons "ja" is altyd "ja-ja" en "nee-nee" tegelykertyd. Ons sê vir God ons sal beslis doen wat sy wet van ons eis, maar ons beslistheid om te doen wat ons sê is weens ons sondige geaardheid altyd net vaste voornemens, passievolle ondernemings en hoopvolle wense maar dit bly altyd maar net " ja-ja' en "nee-nee" vergelyke tyd: "Ja" – ek wil, en gaan probeer maar ek is sondig en kan nie doen wat ek wil en wens nie."

Daarom kan 'n kontrak tussen ons en ons kinders en God nooit werk nie. Dit is 'n verhouding sonder 'n vaste fondament. God se verbondsverhouding met ons is die vaste fondament dat ons en ons kinders deel van God se beloftes is.

4. God se verbondsbeloftes is deel van en werk in die lewe van ons kinders omdat Christus ook vir ons kinders "ja" sê – Hy is hulle sonde en hulle is sy geregtigheid. Hy sê vir ons kinders "ja" julle is gesalf – ingesluit in alles wie Christus as mens vir hulle as christene is. Hy sê vir hulle "ja" – julle is verseël julle behoort aan die Vader en die Seun en die Gees. Hy sê vir hulle "ja" – julle is gewaarborg deur die Heilige Gees om deel van god se beloftes te wees. so doop ons ons kinders met water om te bevestig hulle leef in God se verbond en nie in 'n kontrak met God waar hulle moet "ja" sê op God se beloftes nie.

God se verbond en Jesus Christus se "ja" plaas ons en ons kinders in 'n unieke posisie. Ons moet nie "ja" sê nie. Ons moet net "amen" op Jesus Christus se "ja" sê.

Die Hebreeuse woord "amen" is die korste geloofsbelydenis in die Bybel. Die woord beteken " Dit is waar!" of " Dit is verseker so!" Wat God vir ons doen is waar en verseker deel van ons lewe. Jesus Christus se "ja" maak verseker al god se beloftes in ons en ons kinders se lewens waar en seker. Ons en ons kinders is verseker gesalf, geseën en gewaarborg.

"Amen" is ons geloofsbelydenis " Ons glo God. Ons vertrou God is soos Hy vir ons en ons kinders sê Hy is.

En daarom kan ons en ons kinders in en deur hier "amen" 'n nuwe lewe leef – alles wat ons doen is net tot eer van God: "daarom sê ons deur Hom "amen" aan God, tot sy eer." (2 Kor. 1:20)  In God se verbondsverhouding met ons en ons kinders is daar nooit kontrakte tussen ons en god wat ons en ons kinders moet waarmaak deur wat ons moet doen nie.

Christus sê “ja” op God se beloftes en ons sê “amen.”

Alles wat ons en ons kinders doen. Om tot God te bid, ook met die eenvoudigste : Here maak my hartjie rein”, is net tot sy eer omdat ons gesalf, verseël en gewaarborg is, nooit om ooreenkomste met god waar en werkend in ons lewe te maak nie. Al ons en ons kinders se bekerings, of dit volwasse berou en inkeer is of ‘n kinderlike “jammer is, is tot eer van God en God laat Hom deur ons en ons kinders eer. Niks wat ons en ons kinders doen is ooit om enige belofte van God deel van ons lewe te maak nie – dit doen Christus alleen met sy “ja” sodat ons alles net tot eer van god kan doen – ons en ons kinders.

5. Dit plaas ons en ons kinders in hierdie unieke posisie – ons speel nooit baas oor mekaar se geloof nie, maar is altyd vir mekaar medewerkers in mekaar se vreugde.

Hoe leer die geestelikes in die kerk om oor ons kinders of ons kinders om oor ons geestelike baas te speel?

Só! “ Ek het vir God “ja” gesê en nou sal ek sorg dat jy ook “ja” sê vir God!”

So word ouers en kinders baasspelerig teenoor mekaar oor God se beloftes: omdat ek vir God “ja” gesê met ‘n bekering, ‘n oorgawe, ‘n gebed of ‘n daad van gehoorsaamheid, kan ek vir jou sê dat jy nie deel is van God se beloftes en dat jy nie gesalf, verseël en gewaarborg is nie, omdat jy nog nie soos ek tot bekering gekom, tot oorgawe gekom of gehoorsaam is nie. Baasspeel is dat ouers en kinders teenoor mekaar opgestel word deur geestelikes om vir mekaar te stel dat die ander nog nie gesalf, jou verseling in die doop niks beteken nie want jou het nog nie die waarborg gegee om God se beloftes waar en deel van jou lewe te maak nie.

So word ouers en kinders geleer dat hulle self vir god die waarborg moet gee vir hulle kontrak met God – hulle moet hulle hart vir Jesus gee, hulle lewe vir God gee, die beheer van hulle lewe oorgee aan die Gees as die waarborg dat hulle by hulle bekerings en oorgawes gaan bly.

So glo hulle nie meer dat Jesus Christus vir ons die waarborg gee dat sy “ja” al God se beloftes in ons lewe laat werk deur die gawe van die Heilige Gees wat Hy aan ons en ons kinders gee nie. So glo hulle dat hulle “ja” met ‘n bekering of omkeer in hul sondes die fondament is vir hulle kontrak met God: God neem hulle aan en seën hulle omdat hulle hulle kant van die kontrak met God nagekom het.

So word ouers en kinders van mekaar vervreem as mede-werkers vir mekaar om in die vreugde te leef van God se verbondsverhouding en die Here Jesus se “ja” jou sonde is Myne en my heiligheid en geregtigheid is joune.

Om saam met ons kinders te glo, te bid en te bekeer en mekaar daarin aan te moedig en te ondersteun, is hoe ons saam mede-werkers in die geloof is binne die vreugde van wie God vir ons is.

Ons kan nooit oor mekaar baasspeel ter wille van die geestelikes se kontrak met God nie. Ons is saam met ons kinders gesalf,  saam geseën en saam gewaarborg deur saam gedoop te wees.